STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# AMPTELIKE KENNISGEWING: INLIGTING DEKLARASIE MET BETREKKING TOT Erwe RE/279 (SBP279/BN, SBP279/CN and SBP279/DN (oorkant die Stortingsterrein – Devon Vallei) X Erwe RE/119 (Idas Vallei/Botmanskop perseel) x Plaas 181/0 (Area onder Kayamandi Opgaardam)

**INLIGTING DEKLARASIE**

**1. DOEL**

Om ingevolge Regulasie 34 and 35 van die Bate Oordrag Regulasies, soos geproklameer in terme van Artikel 168 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finasierings Wet (R878, 22 August 2008) die voorgeskrewe inligting aan die publiek te voorsien, ten einde die publiek geleentheid te gee om kommentaar daarop te lewer gedurende die Publieke Deelname Proses.

**2. AGTERGROND**

As deel van Stellenbosch Munisipaliteit se beurtkrag mitigasie strategie, is die Munisipaliteit besig om moontlike persele te ondersoek om alternatiewe energie daarvan op te wek.

Stellenbosch Munisipaliteit as eienaar van erwe RE /279 (SBP279/BN, SBP279/CN and SBP279/DN (Oorkant die Stortingsterrein – Devon Vallei) X Erwe RE/119 (Idas Vallei perseel) x Plaas 181/0 (Area aan onderkant van Kayamandi Opgaardam) het voormelde erwe geidentifiseer as moontlike gepaste persele waarvan alternatiwe energie gegenereer kan word.

Ooreenkomstig die toepaslike standaard norme, word 1 hektaar benodig vir die opwekking van 1 Megawatt (MW) energie van Fotovoltaïese sonkrag (FV). Die geskatte energie kapasiteit van die geidentifiseerde persele kan as volg beraam word:

- Erwe RE/279 (SBP279/BN, SBP279/CN and SBP279/DN (Oorkant die Stortingsterrein – Devon Vallei) - (Fotovoltaïese sonkrag – Grote van Erf = 40.1 hektaar = 40 MW
- Erwe RE/119 (Idas Vallei/Botmaskop perseel) – (Biomassa - Grote van Erf = 419.4 hektaar – MW sal gekwantifiseer word soos die proses ontvou).
- Plaas 181/0 (Area onder Kayamandi Opgaardam) – (Fotovoltaïese sonkrag – Grote van Plaas = 50 hektaar = 50 MW)

Die Munisipaliteit se bedoeling met die geindentifiseerde persele is om Onafhanklike Energie Produseerders aan te stel wat deur lang termyn huurkontrakte met die Munisipaliteit alternatiewe energie vir munisipale gebruik op te wek.

**3. BESPREKING**

**3.1 Publieke Deelname Proses**

Alvorens die Munisipale Raad 'n finale besluit kan neem ten einde regte toe te staan om Munisipale eiendom te gebruik, beheer of te bestuur (geidentifiseerde persele), moet die Munisipale Bestuurder eerste 'n publieke deelname proses in terme van die Bate Oordrag Regulasies volg.

**3.2 Inligting Deklarasie**

In terme van Regulasie 35, wanneer die Munisipale Bestuurder 'n voorstel maak om relevante lang termyn regte vir die moontlike verhuring van die geidentifiseerde persele te verleen, moet 'n Inligting Deklarasie soos vermeld in Regulasie 34 in die openbaar geadverteer word.

Ingevolge Regulasie 34 moet 'n Inligting Deklarasie die volgende inligting bevat:

a) die redes daarstel vir die voorstel om 'n lang termyn reg om 'n munisipale bate te gebruik, beheer of bestuur te verleen ten opsigte van die geidentifiseerde persele.
b) enige verwagte voordeel wat die Munisipaliteit sal toeval as gevolg van die verlening van die reg.
c) enige verwagte opbrengste wat deur die Munisipaliteit ontvang sal word uit die verlening van die reg; en
d) enige verwagte voordeel of verlies wat deur die Munisipaliteit gerealiseer of opgeloop sal word as gevolg van die verlening van die reg.

**3.2.1 Rede(s) vir die voorstel om 'n lang termyn reg op die geidentifiseerde persele te verleen om die geidentifiseerde persele te gebruik, beheer of te bestuur**

a) Stellenbosch Munisipaliteit het nie die vereiste elektrisiteit kapasiteit en infrastruktuur om alternatiewe energie gedurende beurtkrag te verwek nie om die negatiewe effek van beurtkrag te beperk. Die Munisipaliteit benodig grond om infrastruktuur te bou om alternatiewe energie te verwek.
b) Die beskikbaarstelling van munisipale grond om lang termyn ooreenkomste te sluit met Onafhanklike Energie Produseerders is in die beste belang van die Raad en Stellenbosch gemeenskap.
c) Die beskikbaarstelling van grond bied die munisipaliteit die geleentheid om in 'n selfvolhoubare posisie te kom in terme van die versekering van verminderde negatiewe uitwerking van beurtkrag op die gemeenskap en besighede binne die munisipaliteit se jurisdiksie. Dit kan ook dien as 'n moontlike bykomende infrastruktuurbelegging.
d) 'n Professioneel bestuurde kragproduserende fasiliteit het die potensiaal om die negatiewe uitwerking van beurtkrag op die gemeenskap en besighede binne die munisipaliteit se jurisdiksie te verminder en nuwe kliënte asook nuwe beleggings na Stellenbosch te lok.

**3.2.2 Verwagte voordeel vir die Munisipaliteit wat mag toeval as gevolg van die verlening van die regte.**

a) Die ontwikkeling en bestuur van die alternatiewe energie fasiliteite sal aanleiding gee tot besparing op onderhoud en personeel kostes, terwyl die negatiewe impak van beurtkrag op die bree Stellenbosch gemeenskap verminder sal word.
b) Die optimale gebruik van die voorgestelde persele mag geleenthede skep om op die bulk aankoop van elektrisiteit te bespaar aangesien dit geantisipeer word dat die aankoopkoste laer sal wees as wat die Munisipaliteit elektrisiteit van Eskom aankoop.
c) 'n Professionele bestuurde krag produserende fasilitet het die potensiaal om die negatiewe effek van beurtkrag te verminder en om nuwe kliente en beleggers na Stellenbosch te lok.
d) Hierdie persele sal professioneel bestuur word deur kundiges in die alternatiewe energie voorsieningsveld.
e) Die fasiliteit sal die vermoe het om as blouprint vir Stellenbosch Munisipaliteit te dien.
f) Hierdie fasiliteite het die vermoe om ekonomiese aktiwiteite in verskeie areas te stimuleer.

**3.2.3 Die verwagte verdienste wat deur die Munisipaliteit ontvang sal word as gevolg van die verlening van die regte**

a) Daar is 'n potensiele voordeel in besparing in grootmaat elektrisiteit aankope van Eskom.
b) Kliente in die algemeen sal ook 'n potensiële voordeel geniet as gevolg van die verlaagte negatiewe impak van beurtkrag.


**3.2.4 Verwagte voordeel of verliese wat gerealiseer of opgeloop word deur die Munisipaliteit voortspruitend uit die verlening van die regte**

a) Waardevolle bate van die Munisipaliteit word ontwikkel sonder enige koste van die Munisipaliteit.
b) Die alternatiewe energie opwekking infrastruktuur sal ontwikkel, bestuur en onderhou word in orreenstemming met aanvaarbare standarde, sonder enige koste van die Munisipaliteit.
c) Minder finansiele druk op die Munisipaliteit se kapitale en operasionele begroting.
d) Stimulering van ekonomiese aktiviteite vir die Stellenbosch gemeenskap.

**3.3 Ligging en konteks**



**Plaas 181/0 (Area onder Kayamandi Opgaardam)**



**Erf RE/119 (Idas Vallei perseel - Botmaskop area)**



**Erwe RE/279 (SBP279/BN, SBP279/CN and SBP279/DN (Oorkant die Stortingsterrein – Devon Vallei)**

**3.4 Publieke kommentaar word uitgenooi**

Die publiek word uitgenooi om insette/kommentaar te lewer op die voorstel om lang termyn huurooreenkomste te sluit met geskikte Onafhanklike Energie Produseerders om die munisipale persele primer aan te wend vir alternatiewe energie opwekking met die bedoeling om die negatiewe impak van beurtkrag te beperk.

Kommentaar moet die kantore van die Munisipaliteit bereik voor of op 16 Augustus 2023 en moet aan die Munisipale Bestuurder gerig word. Skriftelike kommentaar kan per epos gestuur word aan Municipal.Manager@stellenbosch.gov.za of per hand afgelewer word te 3de Vloer, Hoof Gebou, Plein Straat 17, Stellenbosch.

Enige navrae kan gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Garaldine Mettler by (021) 808 8025 of per epos by Municipal.Manager@stellenbosch.gov.za.

**GARALDINE METTLER**
**MUNISIPALE BESTUURDER: STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT** **DATUM: 11 JULIE 2023**